

SAHARA-AVONTUUR REEKS
No. 16
Bouvalle van die Dood.
Fouché

INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. Die Vreemdeling ........................ 3
2. Agterdog ........................ 12
3. Stormnag ........................ 20
4. Die Lyke ........................ 30
5. Skok in die Nag ........................ 38
6. Leë Horison ........................ 47
7. Verrassing! ........................ 57
8. Besoekers ........................ 66
9. Afskeid ........................ 76
10. Wraak ........................ 86

## Hoofstuk 1

## DIE VREEMDELING

In die warm, bedompige Arabierse kafee in Dini Salam, voorpos en garnisoendorp in die Franse Vreemdelegioen, slinger die Suid-Afrikaner Teuns Stegmann die skoppensboer op die tafelblad neer en toe sê hy gedemp: ,,Moenie nou kyk nie, maar ons word dopgehou.

Sy maats om die kaarttafel, die groot Duitser, Fritz Mundt, die Engelsman Jack Ritchie, die Pool Podolski en die Italianertjie Petacci, kyk vraend na Teuns op.

,,Ek sal nie omgee om deur 'n Arabierse skoonheid dopgehou te word nie,'' sê die vrolike Petacci, en sy ogies vonkel.

,,Ongelukkig is dit nie 'n Arabierse skoonheid nie,'' sê Teuns en neem weer 'n slukkie van die swaar soet wyn, die enigste lafenis wat jy in hierdie nes kan koop. ,,Die kalant wat vir ons sit en dophou, lyk vir my meer soos 'n jakkals waarvan jy die stert afgekap het.''

,,'n Arabier?'' vra Ritchie.

Teuns skud sy kop. ,,Nee, hy lyk vir my soos een van hierdie geleerde tipes. Hangskouers, maer gesig, brilletjie op die neus en lang hare.''

,,Dalk is hy 'n imbisiel wat uit die inrigting vir kranksinniges weg geloop het,'' sê die groot Fritz Mundt en lag uit sy buik. ,,Enige Europeër met lang hare wat hier in Dini Salam aangesit kom, moet bepaald een van sy bont varkies kwyt wees.''

,,Hy loer elke keer na ons kant toe,'' sê Teuns.

,,Hou die ou luis dop,'' vermaan Podolski. ,,Dalk is hy weer een of ander Arabierse agent.''

,,Hy lyk vir my heeltemal onskadelik,'' sê Teuns.

,,Jy kan nooit weet, Broeder,'' antwoord Ritchie en gooi 'n kaart op die tafel.

,,Dit sal nie sleg wees as ons weer 'n bietjie opwinding kry nie,''

meen Fritz Mundt. ,,Vandat ons laas met Koebikof se spul slaags was, het ons nog niks te doen gehad behalwe vlieë doodslaan nie.''

,,Ek dink ek word oud,'' gaap Petacci. ,,Ek verkies om vlieë in Dini Salam dood te slaan as om in hierdie hitte van die afgelope maand deur die Sahara te slinger.''

,,Wat maak daardie skepsel nou?'' vra Fritz Mundt.

,,Lyk my hy's wragtie van die lotjie getik,'' sê Teuns. ,,Hy het 'n vergrootglas of iets en daarmee sit hy 'n stuk papier op die tafel en betrag. Lyk hiervandaan amper soos 'n landkaart.''

,,Dalk soek die ou na die Sabel van Doetra,'' werp Jack Ritchie in, en suig aan sy wyn. ,,Is hy 'n blanke?''

,,Hy is 'n blanke, ja,'' sê Teuns. ,,In elk geval, vergeet maar van die ou. Hy is nie eens 'n klap werd nie.''

,,Let net op of hy nie kontak met Arabiere het nie,'' sê Podolski.

,,Kom, kom, kêrels,'' spoor Petacci hulle aan. ,,Laat ons liewer op die kaarte konsentreer. Ek wil vanaand genoeg geld wen vir my aanstaande verlof in Algiers.''

Petacci se woorde voer hulle terug na die werklikheid en hulle begin op hul kaarte konsentreer.

Hulle speel 'n rukkie in stilte voort en konsentreer op die kaarte. Maar na 'n rukkie kan Teuns dit nie help om weer oor die vreemde karakter te praat nie. ,,Snaakse ou skepsel daardie,'' sê Teuns, die lang blonde Suid-Afrikaner met sy breë skouers en sy kragtige hande wat in die Franse Vreemdelegioen is omdat die Arabiere in die Tweede Wêreldoorlog sy vlieënier-broer om die lewe gebring het.

,,Dit lyk vir my die vent werk op jou senuwees,'' sê Fritz Mundt wat beskou word as die sterkste man in die Franse Vreemdelegioen.

,,Hy is so eienaardig,'' sê Teuns. ,,Ek kan nie ophou na die ou kyk nie. En hy is niks om na te kyk nie. So maer soos 'n kraai, met daardie eienaardige bril op sy neus en twee yslike bakore. En dan het hy nogal 'n baard ook. Maar dit lyk vir my asof hy nie eens 'n wapen aan hom het nie.''





,,Hy sal wel 'n wapen in sy binnesak hê,'' sê Jack Ritchie.

,,Ek hou hom dop,'' sê Teuns. ,,Hy het al 'n paar maal in sy binnesakke gevroetel, maar ál wat daar uit kom, is papiere. Dan lees die ou iets, dan skryf hy iets. En hy het 'n yslike tas by hom.''

,,Dalk is daardie tas nog vol dinamiet pleks van dokumente,'' sê Podolski.

,,En keer op keer loer hy hierheen, Fritz,'' sê Teuns. ,,Wat het die ou met ons uit te waai?''

Fritz Mundt kan sy nuuskierigheid nie langer bedwing nie. Hy draai om en loer oor sy skouer. ,,Tog nie daardie ou voëlverskrikker by die vierde tafel nie?'' vra Fritz.

,,Einste hy,'' sê Teuns. ,,Jy moes nou nie gekyk het nie, ou Grote. Nou weet daardie ou kalant dat ons van hom praat.''

,,Hy kan maar weet, wat my betref,'' antwoord Fritz en swaai weer om na die tafel. ,,Vir hom slaan ek sommer met 'n wynbottel dood.''

,,Het hy al met 'n Arabier gepraat of vir hom 'n teken gemaak?'' vra Petacci.

,,Hy het nog nie na links of regs gekyk, behalwe na ons nie,'' sê Teuns. ,,Daar is die ou nou weer met sy vergrootglas doenig. Ek wens ek kon weet wat op daardie papier voor hom geskryf staan.''

,,Dalk is hy ook een van hierdie mal goed wat na 'n skat in die Sahara kom soek,'' sê Jack Ritchie.

,,Of na 'n verlore stad,'' las Petacci aan en sleep die geld bymekaar wat hy nou met hierdie ronde gewen het.

,,Vir hom brand die Saharason binne twee uur vrek,'' sê Fritz Mundt. ,,Hy is al klaar uitgedroog soos 'n bokkem.''

,,As die ou julle dan so interesseer,'' sê Petacci, ,,waarom loop vra julle hom nie wie en wat hy is en waarom hy vir ons sit en dophou nie.''

,,Laat ons kaartspeel,'' sê Teuns Stegmann. ,,Petacci is die enigste een wat konsentreer en hy is besig om ons kaal te maak.''

,,Maar terwyl hulle verder speel, kan Teuns sy gedagtes maar nie afhou van hierdie snaakse vreemdeling nie. Hy is een van die

soort mense wat jou dadelik interesseer. Hy is so lelik soos die nag, so onaansienlik soos 'n muis, en tog is daar iets aan die man wat vir Teuns geheimsinnig en interessant lyk. Hy is anders as ander vreemdelinge, en Teuns kan self nie verklaar waarom nie. Dit is net iets aan die man—miskien iets aan die uitdrukking in sy oë, of die vorm van sy hande wat hy op jou uitoefen. Teuns is nie seker wat dit is nie, maar van een ding is hy wel seker—daardie lang, maer, onaansienlike kêrel, is nie 'n gewone man nie.

En dit is nie om dowe neute dat hy in hierdie Arabierse kafee sit nie. Sy omgewing is vir hom blykbaar verlore. Hy besef blykbaar nie eens dat dit uiters gevaarlik is vir 'n enkeling om sommer hier in 'n Arabierse kafee te kom sit nie. Geen man van die Vreemdelegioen sal dit ooit waag om alleen en ongewapen hier te kom sit nie. Teuns het sy vier maats by hom. En elkeen van hulle het onder sy klere die een of ander wapen—miskien 'n stukkie ketting, miskien 'n mes of 'n dolk of wat ook al, want hulle het al hoeveel maal terdeë kennis gemaak met die Arabierse sluipers wat hierdie soort wynplekke besoek en gedurig op die loer lê om blankes aan te rand.

Die kêrels begin al hoe meer op die kaartspeel te konsentreer en weldra is die vreemdeling byna vergete.

Totdat hulle 'n geskuifel hier by hulle hoor en verbaas opkyk.

Hier langs hulle staan die vreemdeling. Hy is maer en effens geboë en hy het lewendige blou ogies agter daardie dik brilglase want blykbaar is hy so swaksigtig soos 'n mol. Blykbaar het hy ook die een of ander gebrek, want toe hy sy voet versit, sien hulle dat hy mank is.

,,Wat is dit, ou kêrel? Wat wil jy van ons hê?'' vra Fritz Mundt uitdagend. ,,Waarom sit jy ons al die hele aand en dophou?''

Die vreemdeling glimlag en toe sê hy in 'n dun stemmetjie en in perfekte Frans: ,,Pardon, Legionnaires. Ek sien julle is besig met 'n handjie kaart. Dit spyt my dat ek 'n breuk moet maak.''

,,Nou waarom kry jy dan nie koers nie?'' vra Podolski.

Maar dit lyk asof die man sowel Fritz Mundt as Podolski se





beledigings eenvoudig van hom afskud.

,,Ek het net gekom om raad te vra,'' sê hy. ,,Ek wil graag die Sahara in maar ek het 'n geleide nodig. Ek het gewonder of die Franse Vreemdelegioen bereid sal wees om my te help.''

,,Wie is jý nogal om 'n geleide te wil hê?'' vra Jack Ritchie. ,,Is jy altemit die koning van Albanië?''

,,Nee, Monsieur, ek is nie die koning van Albanië nie. Ek is 'n Franse geleerde, professor Lepuy, van die Universiteit Sorbonne.''

,,Ou ramkat,'' sê Fritz Mundt neerhalend. ,,En wat kom soek jy nogal in die Sahara?''

,,Daardie vraag sal ek later beantwoord, Monsieur,'' antwoord die skraal vreemdeling.

,,Professor Lepuy?'' vra Teuns Stegmann belangstellend.

..Qui, mon ami, professor Jacques Lepuy, van die Universiteit Sorbonne, soos ek reeds gesê het. 'n Oudheidkundige.''

,,O, ek dag jy is 'n tandheelkundige,'' spot Jack Ritchie en bars uit van die lag.

,,Wat kan ons vir jou doen, Professor?'' vra Podolski, en hy kan skaars sy lag hou vir hierdie man wat daardie ogies so aanhoudend knip agter die dik brilglase.

,,Soos ek sê, mon ami,'' sê die vreemdeling ewe vriendelik, ,,ek wil graag 'n geleide hê na die Sahara.''

,,Nou waarom kom pla jy vir ons, Professor?'' vra Teuns streng. ,,Jy behoort beter te weet as om by die gewone Legionnaires te kom hulp vra. Waarom doen jy nie die ding op die regte manier nie? Waarom gaan jy nie na die bevelhebber van Dini Salam nie?''

,,Dit is wat ek graag wil doen,'' sê Lepuy, en versit weer sy been. ,,Al wat ek u kom vra het, is waar ek die bevelvoerende offisier kan vind en watter die gerieflikste tyd vir hom sal wees.''

,,Die bevelvoerder van Dini Salam is kolonel Le Clerq,'' deel Petacci mee. ,,En die beste tyd om hom te sien, is voordat hy sy vierde glasie konjak weggeslaan het. Dit wil sê, vroeg in de oggend, mon professor.''

Teuns kyk skerp na Petacci oor hierdie gebrek aan eerbied vir kolonel Le Clerq. Maar hy kan sien dat die Italianertjie se wange rooi is van die wyn wat hy al weggeslaan het.

,,Ek dink dit sal goed wees as u kolonel Le Clerq enige tyd in die voormiddag spreek,'' sê Teuns. ,,Hy is die enigste man wat kan besluit of hy u 'n geleide gaan gee, ja of nee.'

,,Merci, mon ami,'' sê Lepuy, buig vir die kêrels by die tafel, en toe draai hy om en stap weg—ewe hinkepink met die swaar tas in sy regterhand.

Die vyf sit hom agterna en kyk totdat hy by die deur van die kafee uit verdwyn, die nag in.

Petacci is die eerste een wat praat. ,,Hm,'' sê hy, ,,daardie ou krefie is net so min 'n professor as ek.''

,,Hoe kan jy dit nou sê?'' wil Jack Ritchie weet.

Fritz Mundt vee oor sy glimmende pankop. ,,Ja-nee,'' sê hy, ,,vir hom vertrou ek net so lank as wat my skaduwee is. Hy het die skelmste oë wat ek nog aan 'n mens gesien het. En as hy 'n professor is, vreet ek my kepi op. Hy lyk vir my veel eerder soos 'n Arabierse skaapwagter wat weggeloop het.''

,,Maar julle is danig agterdogtig vanaand,'' sê Teuns. ,,Lyk amper asof julle vir die ou bang is.''

Fritz gooi sy groot kop agteroor en lag dat sy ruim buik so skud. ,,Bang vir hóm?'' En hy beduie met sy duim agteruit oor sy skouer. ,,Sy soort slaan ek met 'n span tabak dood. As hy my pla, vang ek net 'n sandadder en gooi dit in sy baadjiesak. As hy hom weer kry, lê hy stokstyf dood in die Sahara.''

,,Jou bek is groot, ou Grote,'' sê Petacci. ,,Dis hierdie snaakse skrefies wat 'n man partykeer die beste uitoorlê.''

,,Ja, moet dit nie vergeet nie,'' waarsku Podolski. ,,Waar wil jy 'n minder indrukwekkende balie van 'n vent kry as Koebikof, die Rus. En kyk hoe het hy al ons rieme dertien gemaak.''

,,Hoe sal dit nou wees,'' sê Jack Ritchie met 'n sug, ,,as ons nou 'n slag op die kaarte konsentreer? Dit kan my nou nie die minste skeel wie hy is of wat hy is of wat hy van plan is om te doen nie. Vir





al wat ek omgee, kon hy van die maan af weggeloop het.''

Fritz skommel die kaarte, breek en toe deel Teuns uit. Hulle begin nou met mening verder speel, maar in elkeen van hulle se gedagtes bly hierdie vreemdeling maar. Nie een is bereid om dit teenoor die ander te erken nie, maar die beeld van hierdie snaakse mannetjie kan hulle tog nie uit hul gedagtes kry nie. Want versigtigheid en agterdog is omtrent 'n sesde sintuig by die man in die Vreemdelegioen. Hierdie manne het almal al deur bitter ondervinding geleer dat die man wat dikwels die onskuldigste lyk, gewoonlik die wreedste, die onberekenbaarste en die gevaarlikste is.

Die volgende dag lê die kêrels kort voor die middag met hul kaal bolywe en vlieë klap in die groot slaapsaal van die fort van Dini Salam. Die sweet rol hulle af, want sersant Catroux het hulle vanoggend weer laat riemspring op die oefenterrein in die groot binneplaas van die fort. Nou blaas hulle 'n rukkie voor die middagete.

Teuns lê en lees in 'n ou koerant uit die Republiek wat hy seker al ses maal deurgelees het. Petacci is besig om allerhande kunsies met 'n pak kaarte uit te haal. Fritz Mundt sny met 'n yslike sakmes aan sy toonnaels. Jack Ritchie probeer 'n brief skryf so tussen die gepla van die vlieë deur, en Podolski lê net op sy rug en kyk na die plafon.

Dit is toe dat die ordonnans van kolonel Le Clerq binnegestap kom en die vyf op hul name noem. Hy deel hulle mee dat die kolonel hulle wil spreek.

Hulle trek hulle haastig aan en toe hulle 'n paar minute later voor die kolonel se lessenaar staan, kyk hy met 'n glimlag van die een na die ander. ,,Mes Legionnaires,'' sê kolonel Le Clerq, ,,ek het julle vyf vir 'n spesiale taak uitgesoek omdat julle goeie vriende is. En omdat julle die Sahara goed ken.''

Die manne weet sommer wat aan die gang is want hier langs die lessenaar sit hul vriend van gisteraand, professor Lepuy, en

daardie fonkelende ogies van hom lag agter sy dik brilglase.

,,Laat ek julle voorstel aan professor Lepuy, van die Sorbonne,'' sê kolonel Le Clerq. ,,Hy is op 'n ekspedisie in verband met die oudheidkunde hier in die Sahara en hy het my om 'n geleide gevra. Ek het besluit om hom 'n geleide te gee na die land van die Berbers.''

,,Die land van die Berbers, mon Colonel,'' vra Petacci angsvallig.

,,Ja, die land van die Berbers, mon ami,'' sê Le Clerq. ,,Daar wil die professor sekere dinge gaan ondersoek.''

,,Maar die Berbers is vyandig, mon Colonel,'' sê Fritz Mundt.

,,Dit weet ek, mon ami—daarom stuur ek julle vyf saam. Ek het die identiteit van professor Lepuy hier vasgestel,'' sê Le Clerq. ,,Hy het aan my 'n voorstellingsbrief van die hoof van die Sorbonne getoon sowel as 'n brief van die gesag onderteken deur die president-generaal van Algerië. Professor Lepuy sal muile en ander behoeftes vir hierdie lang trek voorsien. Julle sal ten volle bewapen wees. Julle sal die professor beskerm totdat hy terugkeer.''

Die manne kyk verdwaas na die kolonel. Wat kan hulle vyf in die vyandige gebied van die Berbers uitvoer? Maar hulle weet daar is niks te redeneer nie. Hulle moet net maak soos die kolonel sê.

Dit is toe dat Lepuy praat. ,,Mon Colonel,'' sê hy, ,,ek dank u vir u vriendelike samewerking, maar ek het nog een versoek. Ek wil vra of legionnaire Santos nie ook kan saamgaan nie.''

,,Hy is 'n vriend van my,'' sê Lepuy met 'n glimlaggie. ,,Ek dink hy is 'n nuweling in die Vreemdelegioen. Hy het 'n paar maande gelede hier in Dini Salam aangekom.''

,,Ken julle kêrels vir manskap Santos?'' vra die kolonel.

,,Non, mon colonel,'' sê die vyf in 'n koor. ,,Ons het manskap Santos al gesien,'' sê Teuns Stegmann, ,,maar ons ken hom nie.''

Maar dit is nie die volle waarheid nie. Fritz Mundt het hierdie einste Santos al eendag in die slaapsaal met die vuis platgeslaan toe hierdie groot, growwe Spanjaard met sy suur gesig iets gesê het





wat die Duitser nie aangestaan het nie. En in die oë van Santos het Teuns Stegmann al iets gewaar wat hom nie aanstaan nie. Iets wreed en iets onbetroubaar. Iets slu en onderduims.

,,Legionnaire Santos kan saamgaan, Lepuy,'' sê die kolonel. ,,Ek het daar geen beswaar teen nie. Hierdie ekspedisie is nie sonder gevaar nie, Lepuy. Maar ek dink as julle aan die Arabiere verduidelik dat julle met die oudheidkunde besig is en dat dit ook in belang van die Arabiere kan wees, glo ek nie dat julle ernstige moeilikhede sal ondervind nie.''

Toe kyk Le Clerq na die vyf op. ,,Mes amis, ek vertrou op julle om hierdie Franse geleerde te beskerm. Die professor vertrek môreoggend met dagbreek. . .''

## AGTERDOG

Nou is die skaduwees op hul kortste in die Sahara en die oneindige uitgestrektheid en riffelsand lyk soos 'n aaklige rooi glinsterende see. Die klein kolonne wat Dini Salam nou al twee dae gelede verlaat het, trek reg suidwaarts in die rigting van die Berber-wêreld. Op hierdie teisterende deel van die dag, wanneer dit voel asof die Sahara-son selfs die bloed in jou are laat kook, beweeg hulle maar stadig. Heel voor stap professor Lepuy en Santos langs hom. Dan volg Podolski en Petacci wat op die oomblik elkeen 'n pakmuil lei wat met kos en water belaai is. Dan volg Fritz Mundt en Jack Ritchie wat ook elkeen 'n pakmuil lei. Teuns Stegmann stap hier tussen Fritz en Jack Ritchie.

Dit is seker nou al 'n uur dat hulle nie 'n woord gesê het nie, want wanneer die hitte so vernietigend soos nou is, praat 'n mens nie omdat dit jou net uitput en jou mond droog maak en die dors in jou verskerp.

Inderdaad, op hierdie eerste deel van die reis het hulle nog nie veel gepraat nie. Elkeen was nog in homself gekeer en omtrent geen vrae is tot dusver gevra nie.

Dit is 'n soort instink by hierdie legioennaire dat hulle eers begin vrae vra wanneer dit nodig word om vrae te vra, en miskien is dit daardie instink wat nou vir Jack Ritchie laat praat.

Hy praat nie hard nie. Hy praat so asof hy nie wil hê dat Lepuy of Santos hom moet hoor nie. ,,Stegmann,'' sê Ritchie, ,,wat dink jy van die ou?'' Hy beduie met sy kop in die rigting van Lepuy wie se skraal liggaam geboë oor die sand beweeg. 'n Man wat, ondanks sy tenger liggaam, nogal 'n uitnemende en verbasende uithouvermoë aan die dag gelê het op hierdie reis deur die Sahara.

Teuns trek sy skouers op. ,,Ek weet nie wat om van hom te dink nie,'' sê hy.

,,Ék weet wat om van hom te dink,'' sê Fritz Mundt en spuug 'n





pruimpie oor die sand weg. ,,Ek sê vir julle hy is besig om ons in 'n strik te lei. Ek het vantevore gesê hy is 'n skelm en ek sê dit nog.''

,,Wel, ek weet nie wat om te sê nie,'' antwoord Teuns. ,,Ek vertrou vir Lepuy net so min soos julle. Daar is iets aan die man waarvan ek nie hou nie. Daar is iets aan hom wat my agterdogtig maak. Het julle al ooit gehoor van 'n professor wat op hierdie manier deur die Sahara kan wandel? Hy loop stap vir stap saam met ons en ek dink op die oomblik is hy minder uitgeput as ons.''

,,Ja, dit is nogal danig opvallend,'' sê Ritchie. ,,Hy is seker die eerste professor van wie ek gehoor het wat met soveel gemak en soveel uithouvermoë deur die sand van die Sahara kan stap.''

,,Ek sê vir julle, enige man wat vir Santos as vriend het, is 'n skelm en 'n skurk,'' meen Fritz Mundt.

,,Ek weet nie hoekom ons die man wantrou nie,'' sê Teuns. ,,Daar is wel iets eienaardigs aan hom, maar hy het per slot van rekening 'n voorstellingsbrief van die Sorbonne en 'n gesagbrief van die president-generaal van Algerië. As dit so is, kan daar tog nie veel met hom verkeerd wees nie. Partykeer dink ek dat ons die man verkeerd beoordeel. Heel moontlik is die man werklik 'n professor wat besig is met die een of ander studie. Hulle sou hom tog nie die Sahara laat binnegaan het as hulle nie seker was van sy identiteit nie. Dit staan soos 'n paal bo water.''

,,Laat dit nou maar wees soos dit wil,'' sê Fritz Mundt, ,,maar ek sê vir julle, alles is nie pluis nie. Ek veronderstel julle het die afgelope dag of so ook gesien wat ek gesien het.''

,,O ja, ons het dit gesien,'' sê Teuns. Arabiere op die horison.''

,,Arabiere op die horison wat net kyk en dan weer verdwyn,'' las Jack Ritchie daarby aan.

,,Ja, en Arabiere verdwyn nie sommer soos mis voor die son wanneer hulle 'n klein patrollie legioenmanne sien nie,'' sê Fritz. ,,Die houding van die Arabiere van gister af is vir my 'n raaisel. Arabiere gedra hulle immers nie so nie. As alles normaal was, het hulle ons al toeka aangeval.''

,,Het iemand enige idee waar die ou ons heen neem,'' vra Jack